5. Soos kat en hond

Een middag toe ek en Platsak weer op die gras rugby speel, daag Stinkpoot by die hek op. Ek hou nie baie van Stinkpoot nie. Hy ruik altyd na sterk blomme, sweetvoete en leerbanke, maar ek ruik ook iets anders. Iets slegs, soos die gif wat Water op die rose spuit.

"Is ek te laat vir die SPCA-wedstryd?" vra Stinkpoot van anderkant die hek.

Hy dra dieselfde klere wat Ethan elke oggend aanhet en hy het 'n sak oor sy skouer.

"Yes, Pieter," sê Platsak en gooi die rugbyballetjie ver oor die erf.

Ek hardloop soos die wind agter die bal aan. Dit het tussen die varings verdwyn. Versigtig om nie per ongeluk op Tone se plante te trap nie, vang ek die balletjie en draf trots terug na Platsak toe waar hy met Stinkpoot staan en gesels.

Opgewonde spring ek teen Platsak op. Hy vat die bal by my en vryf my kop.

"Mooi so, Leo. Mooi, honne."

"Kan Leo toertjies doen?" vra Stinkpoot.

"Natuurlik," sê Platsak. "Kom ons wys vir hom, Leo. Gee my jou poot. Gee poot!"

Gehoorsaam gee ek my poot vir Platsak. Ek wens vir 'n oomblik dat hy nooit weer my poot wil los nie.

Stinkpoot is nie beïndruk nie. "Dis niks," sê hy. "Baie honde kan dit doen."

"Spring, Leo! Spring!" roep Platsak.

Ek voel lus om vir Stinkpoot te wys waar die hond die been begrawe het. Ek spring so hoog in die lug as wat ek kan en tol in die rondte. Dan spring ek op my agterpote en hop-hop agteruit. Ek probeer alles onthou wat Ethan my geleer het. Ek rol op my rug en gaan sit weer plat. Ná 'n rukkie het ek alles gedoen waaraan ek kan dink.

"Kyk net hoe slim is my hond," spog Platsak en vryf my kop. "Hy doen sommer al sy toertjies sonder dat ek hoef te vra. Dít het niemand hom geleer nie."

Stinkpoot sê niks nie. Hy gluur my net met skrefiesoë aan.

Platsak en Stinkpoot verdwyn in die huis terwyl ek nog 'n rukkie die duiwe in die tuin rondjaag en vir die ander honde in die straat blaf.

Skielik gryp iemand my van agter en tel my op. Ek blaf van die skrik, maar dan voel ek dit is net Platsak.

"'n Mens moet hom eers vang, anders hardloop hy weg as jy die leiband uithaal," verduidelik Platsak vir Stinkpoot terwyl Stinkpoot die groen tou oor my nek trek. Platsak sit my neer. Die traliehek gaan oop. Ek wil hardloop, maar die tou hou my vas. Ons gaan stap!

"Ons gaan stap! Ons gaan stap!" blaf ek vir die ander honde terwyl ons by die hek uitloop.

"Ons wil ook stap! Ons wil ook stap!" blaf hulle terug.

"Ethan," sê Stinkpoot ernstig, "ons moet praat, ou."

"Ja?"

Ek wonder wat Pieter wil hê. Ek kan nie onthou wanneer laas hy so ernstig gelyk het nie.

"Jy kan nie al die geld wat jy gemaak het, vir Leo spaar nie, ou. Dit is 'n simpel plan."

Ek voel hoe my bloed begin kook. Ek kan nie glo Pieter het die guts om te sê my plan is simpel nie.

"Vir jou klink dit dalk simpel, Pieter. Maar dis die beste plan wat ek het – of eintlik die enigste plan. En dit gaan wérk," voeg ek vinnig by.

"Chill net, asseblief. Al wat ek bedoel, is . . . Jy weet hoe baie geld ons moet insamel vir die rugby hierdie jaar. Die skool kon nie weer so baie borge kry nie—"

"Ja, ek weet. Ek sal mos my deel doen. Hoekom worry jy?" vra ek vinnig.

"Ek worry, want jy het al klaar genoeg geld om jou deel te doen, maar jy wil eerder elke sent op hierdie brak mors."

Ek kners op my tande, maar kan aan niks dink om te sê nie. Ek wens ek was 'n hond – dan het ek Pieter nou gebyt waar dit seermaak.

Ons stap in stilte verder.

In die oop veld tussen die huise maak ek Leo se leiband los. Dadelik begin hy rondsnuffel en verken.

"Dink net," sê Pieter, "as jy nou al daardie geld skenk, kan jy klaar die Speler van die Jaar-trofee kry. Niemand anders gaan so baie geld kan gee nie."

"Jy is regtig partykeer lekker dof, Pieter," bars die woorde oor my lippe. "Eerstens: ons het nog nie eens proewe gespeel nie en jy dink al klaar aan Speler van die Jaar. En tweedens: ek gaan nie meer hier wees vir die prysuitdeling nie, want ons trek. Of het jy vergeet?"

"Ja, maar—" wil Pieter protesteer.

"Ek sal my honderd rand vir die skool gee, maar dis al wat hulle kry," val ek hom in die rede.

"So jy gaan regtig al daardie geld mors—"

"Leo is mý hond, en ek sal elke sent op hom 'mors' as sy lewe daarvan afhang!"

Die woorde is uit voor ek myself kan keer. Ek skrik amper vir myself. Waar het dít vandaan gekom?

Pieter is rooi in sy gesig. "Jy is 'n selfsugtige brat," sê hy voordat hy omdraai en wegstap.

Ek kyk hom agterna en skud my kop. Dis mý geld. Mý lewe. Mý hond. As Pieter 'n probleem daarmee het, kan hy maar wegstap. Ek gee nie om nie!

"Kom, Leo."

Daardie aand kyk ek hoe Water sy klere uit die kas haal en op sy bed neergooi. My kop draai heen en weer terwyl ek kyk hoe die hemde, baadjies en langbroeke uit die kas vlieg en op die bed land.

Later stap Water na die bed toe en vou al die klere netjies op. Ek spring teen die bed op om beter te sien.

Water tel my op die bed.

Ek swaai my stert. Ek was nog nooit op hierdie bed nie!

Saam met my op die bed lê daar 'n swart boks. Dit lyk nie soos ander bokse nie. Hierdie boks het 'n deksel wat ooprits en dit ruik meer na karsitplekke as karton. Nuuskierig klim ek in die boks en gaan lê met my ken oor die rand.

"Ag, ou honne," sê Water terwyl hy my kop vryf, "ek vat jou sommer saam."

"Wat maak Leo op die bed?" vra Tone kwaai toe sy in die deur kom staan.

Ek roer nie. Water sal my beskerm. Voor hy kan antwoord, kom Platsak ook ingestap en kom sit langs my. Hy streel my kop oor en oor tot my oë toegaan van lekkerkry.

"Wanneer kom Pa terug?" vra Platsak.

"Oor 'n maand, so middel Mei se kant," antwoord Water.

Later daardie aand lê ek by Platsak se voete. Ek kan nog steeds 'n bietjie kwaad aan hom ruik, maar ook bekommernis. Is dit omdat Water weggaan – of miskien oor Stinkpoot?

Platsak se rugbysak staan teen die kas, nog halfpad oop. Vroeër vanaand het ek gekyk hoe hy sy trui, broek, kouse, tokse, 'n waterbottel en 'n blou papiertjie daarin pak. Ek spring van die bed af, tel die rugbyballetjie wat onder die lessenaar lê op, en laat val dit ook in die sak – sodat Platsak sal onthou dat ek heeldag net aan hom dink en dat ek môre weer met hom wil speel.

Dan klim ek weer op die bed, wurm myself onder Platsak se arm in en lek saggies oor sy wang. Hy is vas aan die slaap.